DAG 1: EK IS, jy is en tog… (Jes 1:1-20)

KERNBOODKSKAP:
In God se hofsaak is jy skuldig en is verdiende straf jou deel,
maar as jy gewillig is en luister, word jy deel van 'n klein oorblyfsel.

Wat is die aanklagte in die hofsaak?
Telkens word die die Godopenbaring gestel teenoor die volk se sondige optrede en dit wys duidelik die volk se skuld:

1. God is die HERE, die Verbondsgod, maar jy… (1:2-4)
    a. het in verset gekom (1:2b)
    b. het geen kennis en insig nie (1:3)
        Ken jy Hom nog?
2. God is die Heilige, maar jy… (1:4b)
    a. verag Hom (1:4b)
    b. en draai die rug op Hom (1:4c)
        Is ander dinge vir jou belangriker as God?
3. **God is die HERE, Heerser oor alle magte,** en jy… (1:8-9)
    a. moet erken jy verdien Sodom en Gomorra se straf (1:9b)
    b. en dat dit net genade sou wees as jy deel sou wees van die oorblyfsel (1:9a)
        Leef jy oomblik vir oomblik in afhanklikheid van Hom?
4. God is die verhewe God, maar jy… (1:10-17)
    a. Aanbid terwyl jy onreg doen en jou hande voel bloed is (1:11-15)
    b. Jou godsiens gaan oor jouself en nie oor God se eer en liefde vir jou naaste soos die wet vereis nie (1:16-17)
        Doen jy alles tot God se eer en vloei dit oor na ander?

Duidelik skarlakenrooi van die sonde, maar (1:18)

5. God roep
    a. Deur profete (1:1)
    b. Deur swaakry (1:5-7)
    c. Deur Sy Woord (1:10)

Gaan jy luister voor die hofuitspraak? (1:19)

a. Dan word jy weer wit soos sneeu (1:18)
b. En ontvang die uitkoms van die verbondsbeloftes (1:19)